HOOFSTUK VII

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK

A. SAMEVATTING

1. Die HERE roep die mens op tot geloofsekerheid. Andersyds gaan daar ook van die nood van die Westerse beskawing, die praktyk van die lewe en die noodsaak van gesonde psigiese ontwikkeling 'n oproep tot geloofsekerheid uit na die jeug.

2. Daarteenoor staan die twyfelveroorsakende en -verhewigende faktore, naamlik die transendente Bose, die veranderde tydsgees en verskeie histories-pedagogiese en psigologiese faktore wat die onderwysstudent in sy laat-adolessente onstabiliteit onseker en verward maak oor godsdienstig-sedelike sake.

3. Uit hoofde van die apostolaat van die Christelike organisasie kan dit van onderwysersopleiding verwag word om mee te werk tot verwesenliking van die ideaal van geloofsekere aspirant-onderwysers(-esse) deur aanvaarding van 'n Christelike grondslag, milieu, doel, kurrikulum, personeel en organisasie.

4. Besonderlik moet Christelike vakwetenskaplike onderrig beklemtoon word, sowel as 'n kursus in Christelike wetenskapsleer en leerstellige Godsdiensonderrig. Hieruit moet nie afgelei word dat die student geïsoleer word van vreemde standpunte nie, maar dat hy in sy kennismaking daarmee met Christelike norme voorsien word om alle standpunte na waarde te kan beoordeel in plaas van verwar te word en remminge ten opsigte van sy geloofsgroei te ondervind.

5. Die vak Godsdiensonderrig moet besonderlik met doel, metode, met begrypende benadering van die student, met aktualisering van die vakinhoud en deur die getuigende oortuiging van die dosent die ideaal van geloofsekere onderwysstudente dien - toekomstige opvoeders wat nie twyfelend steeds introspektief lewe nie maar geloofseker rondom hulle kan kyk en arbei ter Christianisering van elke lewensakker, hier veral die onderwys, en sodoende die koningskap van Christus oor hemel én aarde tot erkenning kan help bring.

## B. AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK

1. Een vak, Godsdiensonderrig, is spesifiek besien in die lig van die problematiek van geloofsekerheid van die student. Soortgelyke studie van ander vakke, besonderlik die grondslae, in onderwysersopleiding is voorts noodsaaklik.

2. In noue samehang met voorgaande: in elke vak in hoër onderwys is studie nodig van die vakfilosofiese grondslae, asook van die vraag: Hoe kan Christelike vakwetenskaplike onderrig in elke onderskeie vak en deeldissipline daarvan na waarheid geskied?

3. Die sekulariserende effek van sogenaamd neutrale vakonderrig noodsaak 'n wetenskaplike ondersoek waarby 'n vergelyking met die effek van bewus Christelike vakwetenskaplike onderrig getref moet word ten opsigte van vergelykbare proefpersone (studente) se twyfel, kennis van aktuele standpunte in die vak en van vakkennis, objektiwiteit, vermoë om standpunt in te neem, sekerheid t.o.v. kardinale Christelike waarhede ens.

4. Die moontlikheid van en sillabus vir nagraadse opleiding in Bybelkunde/Godsdiensonderrig behoort dringende aandag te geniet.

5. Ondersoek na die godsdienstig-sedelike problematiek van die Afrikaanse studerende (en ander) jeug behoort op uitgebreide skaal onderneem te word om 'n vollediger beeld van die jeug aan betrokke jeuginstansies te bied.

6. In die lig van die skrale oes aan psigologiese en psigiatriese literatuur oor twyfel en geloof is 'n studie van die volgende tema (in die woorde van H.C. Rümke) hoogs wenslik: Geloof hoort by psigiese gesondheid.

7. Die onderhawige studie is ten opsigte van laat-adolessente in hoër onderwys onderneem. Die problematiek van geloofsekerheid in die Godsdiensonderrig aan middelbare skoolleerlinge sal eweneens waardevol wees.